Durbanville Gemeente

Dissipels van Jesus, saam in diens van God se nuwe wêreld

# VERVANGING VAN KERKDAK

Die NG Kerk Durbanville se gebou is 'n belangrike baken in Durbanville. Die kerk vier in 2026 sy 200-jarige bestaansjaar en soos dit is, moet daar van tyd tot tyd groot instandhoudingswerk aan die gebou, grafte en ringmuur gedoen word.

**Die dak is bedek met asbes teëltjies wat met die jare verbrokkel het en verg nou dringende aandag. Die Kerkraad het met die nodige toestemming van Erfenis Wes-Kaap, besluit om die dak te vervang.**

'n Bekwame kontrakteur uit ons Gemeente is aangestel. Ingesluit by die herstelwerk van die dak, word die kerkgebou ook aan die buitekant geverf en gerestoureer. Die werk het op 22 Junie 2020 afgeskop en behoort so twee/drie maande te duur – afhangend van die weer.

Die groot uitdaging is egter, waar die fondse vandaan kom. Die Kerkraad en Eiendomskomitee het reeds al ‘n paar jaar gelede besluit om ‘n restourasiefonds op die been te bring wat juis vir groot dringende uitgawes aan die geboue, soos hierdie, kan help. Ons het wel gevoel om steeds gemeentelede die geleentheid te gee om by te dra tot die ‘’Dakfonds’’ en op so ‘n manier deel te hê aan hierdie Erfenis. Hiervolgens is dit elkeen se keuse of hulle wil bydra om die ‘’Dakfonds’’ te versterk en kostes te help dek. Die kostes vir die dak is na beraming R530 000.

**OF**

Dalk wil ‘n kleingroep ‘n ‘’woekerprojek’’ begin, dit sal ook fantasties wees. Daar gaan so ongeveer tussen 200 en 300 dakplate gelê word.

‘n Groot dankie sover vir lidmate wie reeds skenkings gemaak het tot die fonds!

**Skenkings ontvang tot datum vir die Dakfonds – R34 501.21**

**Vir navrae kontak gerus vir :**
Freek Truter (Voorsitter:Eiendomme); Jackie Pretorius(Bestuurder:Steundienste) of
Kontakbesonderhede : 0219756370